

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 242

(Geen datum)

Die Bybel: God se wonderwerk

* * * * *

"Die Woord van die Here is volmaak!"

(Psalm 19:8)

"Dit is 'n betroubare Woord . . . "

(1 Tim. 4:9)

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

Die Bybel: God se wonderwerk

INLEIDING

Die woord "Bybel" is afgelei van die Griekse woord "Biblia" wat "boeke" beteken.

En inderdaad is dit so: Die Bybel is 'n versameling van 66 "boeke" . . .

- wat in verskillende tye ontstaan het
 - op verskillende plekke geskryf is
 - wat deur God se beskikking bymekaar gebring is; en
 - deur God se beskikking bymekaar gebly het omdat elke boek deur God se Heilige Gees geïnspireer is.
- Die Bybel bestaan uit twee groot "eenhede" . . .
 - die Ou Testament — oorspronklik geskryf in Hebreeus (en enkele gedeeltes in Aramees) (39 boeke); en
 - die Nuwe Testament - oorspronklik geskryf in Grieks (27 boeke).

En tussen hierdie twee testamente staan die kruis van Jesus Christus.

Skematies kan ons dit so voorstel:



En so draai *alles* in die Bybel . . . in God se "wonderwerk" . . . om die versoening aan die kruis, deur Jesus Christus.

- As u dus nou verder lees - hou dít in gedagte!

Ds. Nico Ligthelm

Die ontstaan van die Bybel

Die Bybel is, *net soos die skepping, 'n verstommende wonderwerk*. Waarom sê ons so?

Oor 'n tydperk van meer as 1 500 jaar het meer as 40 mense aan die Bybel geskryf. Hoewel hulle geen kontak met mekaar gehad het nie, het hulle tog aan één Boek met één sentrale boodskap geskryf. En nêrens weerspreek die een skrywer die ander nie.

Daarby is die Bybel op 'n *wonderlike* manier skriftelik *oorgelewer*. Wie 'n studie van die ontstaan van die Bybel as boek maak, besef al hoe meer dat jy met 'n wonderwerk te doen het. *Hoe is dit moontlik dat so 'n wonderlike boek tot stand kon kom?*

Die Bybel antwoord die vraag: "Die hele Skrif is deur God geïnspireer . . ." (2 Tim 3:16). God wat die menslike verstand geskape het, kan mos met die mens kommunikeer. God wat die oor en die oog geskape het, kan Hom tog aan die mens bekendmaak. Dit *hét* Hy gedoen en daarom besit ons die Bybel.

Toe God die Bybelskrywers geïnspireer het, het Hy wel van hulle eie waarnemings- en redenasievermoëns gebruik gemaak. Hulle was nie willose "tikmasjiene" in die proses nie. Tog het God die hele proses self gelei. 2 Petrus 1:20 bring hierdie proses onder woorde:

" . . . *deur die Heilige Gees meegevoer, het mense die woord wat van God kom, verkondig*".

God maak Homself dus bekend deur die wonder van die Skepping en ook deur die wonder van die Bybel!

Daarom word "die Bybel" ook genoem: - Die Woord van God.

Want dit is God se Woord(e) aan mense . . . waarin Hy Homself bekend maak en openbaar.

Die doel van die Bybel

Jy mag 'n koppie nie as 'n hamer gebruik nie en ook nie 'n pen as 'n skroewedraaier nie. Elke ding het 'n spesifieke doel waarvoor hy nuttig is. So, het die Bybel ook 'n spesifieke doel. Die doel van die Bybel word treffend omskryf in 2 Tim 3:15:

"Dit kan jou kennis bybring wat tot verlossing lei deur die geloof in Jesus Christus".

Die doel van die Bybel is dus om vir jou kennis by te bring wat verlossing meebring. Dit is kennis oor Jesus Christus, die Vader en die Heilige Gees.

Daarom moet mens nie net *kennis neem* van wat die Bybel sê nie, maar jy moet dit *glo*. Wie die kennis van die Bybel glo, ervaar dat dit kennis is wat verlos. Die mag van die Bose in jou word gebreek en jy aanbid en dien God.

'n Verdere doel van die Bybel, voortspruitend uit bogenoemde, beskryf die apostel Johannes in hoofstuk 20:31 van sy Evangelie, soos volg:

"Maar hierdie . . . is beskrywe sodat julle kan *glo* dat Jesus die Christus is, die Seun van God, en sodat julle deur te glo, in Sy Naam die lewe kan hê".

Sien u . . .

- jy moet glo . . .
- *glo* dat Jesus die Christus is . . . die Seun van God . . . die Messias ... die Verlosser.
- En deur te glo . . . ontvang jy die EWIGE LEWE!!

Ja, die Bybel bly God se wonderwerk.

Kan mens alles in die Bybel verstaan?

Omdat die Bybel oor God en Sy dade handel, sal die Bybel oor baie dinge praat wat mens nie verstaan nie. Wie kan byvoorbeeld die wonderwerk van die skepping verstaan? Die Bybel praat van baie ander wonderwerke wat 'n mens nie kan verstaan nie — maar wat jy

moet glo. Want, om te glo beteken om met kinderlike vertrouwe God se openbaring te aanvaar, omdat dit van Hom, die almagtige en alwyse God kom.

DIE BEPERKING VAN DIE BYBEL

Terwyl ons praat oor die spesifieke doel van die Bybel, moet ons ook oor die beperking van die Bybel praat. 'n Mens mag die Bybel nie los van sy doel gebruik nie. Daarom moet ons ook weet waar die grense van die gebruiksmoontlikhede van die Bybel lê.

- Jy mag die Bybel nie as 'n natuurwetenskaplike handboek gebruik om allerlei vrae op die gebied van die natuurwetenskap te beantwoord nie. Daarvoor het God aan natuurwetenskaplikes oë, ore en verstand gegee om Sy ander "boek", die skepping, te lees.
- 'n Tweede beperking van die Bybel is dat die Bybel nie volledig oor God en Sy werk praat nie. In die Bybel word mensetaal gebruik. Hoe kan daar volledig oor die grote God in mensetaal gepraat word?

In die Bybel word wel genoeg van God gepraat sodat ons verlossingskennis kan kry, maar nie genoeg om alles oor God te weet of te sê nie.

Daarom is 1 Kor. 13:9-12 in hierdie opsig baie belangrik. Daar word gesê dat ons God se wil maar gedeeltelik ken en dat ons oor Hom praat soos wat 'n kind oor grootmense se sake dink en praat. So praat die Bybel onvolledig oor God.

Tog is dit al 'n groot genoeg voorreg om op dié kinderlike manier met en oor God te praat. Dit is tog nie betekenisloos as 'n klein kindjie in kindertaal met of van sy ouers praat nie.

Hoe moet 'n mens die Bybel lees?

Aangesien God deur die Bybel verlossingskennis aan ons gee, is dit noodsaaklik dat ons die Bybel op die regte manier lees. Om dit te doen, kan die volgende riglyne nagevolg word:

- Bid! Die Heilige Gees is die groot Skrywer van die Bybel. Daarom is Hy ook die groot Verklaarder van die Bybel. Jesus het gesê: "Hy sal die Heilige Gees gee vir die wat vra." (Luk 11:13).
- Watter gedeelte moet ek lees? Mens kan seker enige gedeelte lees. Tog is dit baie nuttig om 'n Bybelboek stelselmatig deur te lees. Elke Bybelboek is immers 'n afgeronde geheel met sy eie agtergrond en boodskap. 'n Beginner moet ook liever by die hart van die Bybel, die evangelies (Matteus, Markus, Lukas en Johannes), begin.
- Baken 'n gedagte-eenheid af. Elke hoofstuk is opgebou deur gedagte-eenhede. Die gedagte-eenheid is in die meeste Bybels deur middel van opskrifte reeds afgebaken. Bepaal jou by een gedagte-eenheid per keer.

Vra die volgende drie ontsluitingsvrae:

- (1) Wat sê God hier vir die oorspronklike lesers?
 - (2) Wat sê God vir my?
 - (3) Waarom sê God dit? Wat wil Hy in my lewe bereik?
- Formuleer dit wat jy gelees het en die betekenis daarvan in jou eie woorde.
 - Oordink dit wat jy gelees het voortdurend. As jy byvoorbeeld in die motor oppad is werk toe, kan jy oor die Woord wat jy gelees het, nadink.
 - Bespreek wat jy gelees het met ander gelowiges. God gebruik ander gelowiges om dieper insigte in Sy Woord te gee.
 - Woon die eredienste getrou by. Daar word die Woord verkondig en ontwikkel jy 'n dieper kennis van God se Woord.
 - Luister, wanneer jou gewete jou met God se Woord konfronteer.

Mag u, u Bybel lees en God se verlossing ervaar deur Jesus Christus.
Mag dit u keer op keer lei tot 'n vaste sekerheid van God se liefde en genade.
Mag dit u bring tot aanbidding van u Skepper!

Ds. Chris Hattingh